ASSEMBLIES OF GOD FELLOWSHIP

Eerste Beginsels Kursus

No.2 (A)
Beleiding van Dooie werke

ASSEMBLY OF GOD FELLOWSHIP

BELEIDING VAN DOOIE WERKE

Sleutelverse
Verse van die 1953 Bybel vertaling.

Hebreërs 6:1 *"…. Die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van geloof in God."*

Johannes 14:23 *"Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak."*

Johannes 14: 24 *"Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het."*

Johannes 16:13 *"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig."*

Johannes 16:14 *"Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig."*

Johannes 16:15 *"Alles wat die Vader het, is myne; Daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig."*

Efésiërs 2:10 *"Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot Goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."*

1. BEROU

Wat is die betekenis van "Berou"?

i) Gedagte of plan verandering
2 Korinthiërs 7:9,10 *"Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens die wil van God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie."*

ii) Dit is meer as om net jammer te wees. (2 Kor.7:10).

i) **Uitkoms:** 'n Verandering van gedrag. (Matt. 21:28 – 32)
"Maar wat dink julle?" 'n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd. En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan. Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê en hy antwoorde en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie. Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoorde Hom: Die eerste. Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God."

2. GODDELIKE HARTSEER

a) Berou is ‘n Goddelike hartseer wat deur die heilige gees van God geskep word, wat lei na verandering in gedagtes en houding, wat lei na verandering in gedrag.

b) Berou is wanneer ons fondasies, wat onstabiel is sien, en hulle laat vervang deur Goddelike fondasies.

c) Ons moet sonde kan sien soos God dit sien. (Psalm 38:3; 2 Korinthiërs 7:10) Ps.38:3 *“Want u pyle het in my ingedring, en u hand het op my neergedaal”*

d) Ons moet bereid wees om ons sondes op te gee. Spreuke 28:13 *“Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.”*

e) Deur sonde te haat. Ez. 20:43 – 44 *“Daar sal julle dan dink aan julle weë en al julle handelinge waarmee julle jul verontreinig het, en julle sal vir julself walglik wees vanweë al jul slegte dinge wat julle gedoen het.”*

f) Berou sluit herstelling in. Lukas 19:8 *“Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.”* (Lev. 6:1-7)

3. BEROU OOR DOOIE WERKE

Wat is “Dooie Werke”?

i) Enigiets wat iemand doen om sy saligheid te verdien.

ii) Enige aksie wat berekenend gebruik word om ‘n belonging van God te verkry.

iii) God vra ‘n gebroke gees en nie opofferings nie.

iv) Dooie werke is enige iets wat **nie** deur God aangevoer is nie. “Dood” beteken ontneem van lewe, wat alles wat leeg van die lewe van God is, in ons diens vir God – is “dooie werke”.

OPSOMMING

Toe Adam en Eva sonde gepleeg het, het hulle hul naaktheid probeer bedek. Deur hulle sonde vir God te probeer wegsteek – dit was die eerste Dooie Werke aksie. Maar dit het nie die wet van God tevrede gestel nie.

i) Dit is verwerp ten gunste van opoffering. Gen.3:7 *“Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.”* 21 *“En die Here God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.”*

ii) Die rede hiervoor is dat redding in total bloot grasie is.

4. VOORBEELDE UIT DIE WOORD

a) Kain se offerande aan God was ‘n offer van “Dooie Werke”. God het sy offer nie aanvaar nie. Gen. 4:3-5 *“En ná verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die Here ‘n offer gebring. En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En die Here het Abel en sy offer genadig aangesien, maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang.”*

b) Die kerk te Sardis, wat die reputasie van meelewing gehad het, was eintlik dood. Openbaring 3:1&2 *“En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood. Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.”*

c) Koning David het die vegters van Israel getel. 70,000 man het doodgegaan omdat David nie die Here vertrou het nie.

d) Moses wat die Egiptenaar gedood het uit valse ywer. Ex.2:11, 12 *“…het hy na sy broers uitgegaan en hulle harde arbeid aangesien. En hy het gesien hoe ‘n Egiptiese man ‘n Hebreeuse man, een uit sy broers, slaan. En hy het hierheen en daarheen gekyk, en toe hy sien dat daar niemand was nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom in die sand begrawe.”*

e) Ons moet die voorbeeld volg van Jesus wat nie Dooie Werke gedoen het nie. Hy het niks uit homself gedoen nie, maar wat die Vader hom aangesê het. Johannes 5:19 *“Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie, dit doen die Seun ook net so.” (Joh.5:30; Johannes 7:16; Johannes 8:28; Johannes 14:10)*

5. VRYWEES VAN DOOIE WERKE

a) Deur Dooie werke te verwyder berei ons die weg voor vir goeie fondasies sodat ons die pad voorberei vir goeie werke. Dan sal ons **nie** geestelike babas bly nie, maar groei in enige situasie deur te doen soos Hy vra.

b) Ons het nodig om ‘n verhouding met God te ontwikkel – Die Raadgewer, en ons moet leer om Hom te vertrou.

6. DIE SKAKELING TUSSEN BEROU EN DOOIE WERKE

a) Deur gered te wees word sondes weggewas – deur bloed. 1 Johannes 1:7–9 *“Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes*

bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

b) By ‘n gelowige word Dooie werke skoongemaak deur bloed. Heb. 9:13–14 *Want as die bloed van stiere en bokke en die as van ‘n vers wat die verontreinigdes besprinkle, heilig maak tot reiniging van die vlees, hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.*

c) Ons moet berou toon oor alle selfgeregverdigde werke. Ons vra God om ons te vergewe en skoon te was deur die bloed van Jesus. So raak ons vry van die kettings van eie pogings maak. Ons plaas ons hoop op God se vegifnis.

7. DIE GOEIE WERKE VAN ‘N CHRISTEN

a) Goeie werke vind spontaan plaas, sonder die oorweging van vergoeding, maar as gevolg van ons liefde vir God. Ons motief moet suiwer wees. Selfs normale Christelike dienste kan “dooie werke” wees as dit geskied om die verkeerde beweeg rede.

b) Ons moet Christus laat leef deur ons. Gal. 2:20 *“Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.”* (2 Kol. 5:14 en 20)

c) Die loot hoef nie homself te oorspan om vrugte te gee nie, maar laat die lewe gewende sap van die wingerdstok toe om te help om vrugte voort te bring. Johannes 15:5 *“Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.”*